
# 34 Bring my die ou, ou tyding



Bring my die tyding duid’lik,
dat ek dit kan verstaan;
vertel my hoe die Heiland
my van die vloek ontslaan.
Bring my die tyding dikwels,
want ek vergeet so gou:
Lank voor die middag hitte,
smelt reeds die môredou.

***R.*** *Bring my die ou, ou tyding,*
*bring my die ou, ou tyding,*
*bring my die ou, ou tyding,*
*die boodskap van Gods heil.*

Bring my die tyding saggies,
laat my daar stip op let;
ek is ‘n arme sondaar,
slegs Jesus kan my red!
Bring my die tyding telkens,
sodat dit my kan wees,
‘n bron van troos en sterkte,
veral in smart en vrees. ***R***.

Bring my dieselfde tyding,
en wil my dan versterk,
as wêreld sin en sonde
in my verslapping werk;
en as ek daardie glorie
met brekende oog aanskou,
bring my dan nog die tyding:
“Slegs Jesus kan behou!” ***R***.

Katherine Hankey (1834-1911) W.H. Doane (1832-1916)